COMMUNITY NEWSPAPER

PRICE R15.00

# Gans Berg Nuus/News

10 April 2026 Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford 298th Edition

**TMS BOUERS**

Manny 082 675 8410

admin@tmsbouers.co.za

NHBRC No: 3000265163 / Reg No: 1999/031335/23




5 ANTON GOOSEN "SE KLEIN KLITSIE"

6 DRAMA-JUFFROUE

10 NATIONAL CANOE CHAMPIOEN

## 'Gansbaai bly in jou hart' - Dr Marina Barnard weer terug by haar mense

"Die ou Gansbaaiers se gesegde was, as jy eenmaal in Gansbaai kom woon het, is dit altyd in jou hart..!" was bekende dr Marina Barnard se eerste opmerking op die vraag hoe dit voel om weer in Gansbaai te gaan praktiseer. "Ek is baie opgewonde en sien uit na hierdie nuwe uitdaging - en na die lekkerte om weer met oop en opregte mense te werk, soos toe ek destyds hier weg is."

Die Gans-Berg Nuus het by Marina se 'splinternuwe' spreekkamers, wat op 1 April 2026 geopen het, in Kerkstraat gaan inloer - ook om haar welkom te heet. Ontspanne agter haar lessenaar het sy gesels asof sy nooit weg was nie: dieselfde mense-mens met 'n omgee-hart soos Gansbaaiers haar jare lank geken het. Sy wil eers weet hoe dit met jou en so-en-so gaan, voordat sy oor haarself begin praat. "O ja," voeg sy laggend by, "ek wil net vir jou sê ek het vandag, 1 April, my eerste pasiënt tussen al die werkery aan die gebou deur gesien - en môre is daar sover nog twee!" *Artikel volg op Bl. 2*



Dr Bianca Brandt.



Dr Marina Barnard.



**SERVING SMILES, ONE PLATE AT A TIME!**

- Restaurant & Bar
- Kids play zone
- Crocodile diving & pond tours

OPEN from 11am Tues - Sun

AFRIKANOS
THE AFRICAN CROCODILE EXPERIENCE
DANGER POINT | GANSBAAI | SOUTH AFRICA

48 Van Blommenstein Str, Danger Point, Gansbaai

082 220 33 44

www.afrikanos.co.za

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

Die vriendelike ontvangsdame is Sybil Olivier, ook 'n oud-Gansbaaier. Intussen het die jare aangestap en Marina het twee seuns en spog al met vier kleinkinders. Haar seun, Jannes Coetzee (van Computer Hut), en Rianna woon saam met hulle drie seuns - Jandré (10), Adrijan (6) en Tijan (3) - in Gansbaai. In die Strand woon Fonnie en Christelle Coetzee met hulle klein Alfonsie (3).

Marina het in 1993, sowat 33 jaar gelede, haar praktyk in Gansbaai geopen. Sowat vyf jaar gelede het sy na Hermanus verhuis, waar haar eggenoot, Russell - 'n voormalige veearts in Gansbaai - 'n plaas besit. "Ek het vir 'n ruk pure boervrou gespeel," vertel sy met 'n glimlag. Van stilsit en afgesonder wees van haar passie vir medisyne was daar egter geen sprake nie. Sy het by Hermanus GP Care as vennoot aangesluit. Marina vertel dat sy met verloop van tyd verskeie kursusse voltooi het - onder meer in genetika, geïntegreerde medikasie, vitamienmedikasie, kruie en selfs hipnose - 'n hele mondvol!

"Ek het dit goed gedink om vir my 'n dokter te kry wat kan help met rotasie," sê Marina, "en ek is baie tevrede met dr Bianca Brandt - 'n jong, maar baie bekwame dokter. Ons albei het 'n groot passie vir mense."

**Dr Bianca Brandt**
"Ek is 'n huisdokter met 'n groot liefde vir jonk en oud," vertel Bianca, wat tans in Hermanus woon. Sy is getroud en ma van twee seuntjies. Bianca het haar studies in Pretoria voltooi en ná haar verpligte staatsdienstydperk in Ierland gewerk - in endokrinologie, geriatrie en noodmedisyne. "Ek het verder studeer en my Diploma in Dermatologie voltooi - ek is nou besonder passievol oor die vel," sê sy. Bianca is 'n warm familiemens en sien daarna uit om haar Gansbaai-pasiënte op hulle beste te laat voel.

Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus wens Marina en Bianca alle sukses toe met Marina se spreekkamers in Kerkstraat 39, Gansbaai (oorkant dr Corrie Loubser se tandarts-spreekkamers). Marina se Gansbaai-spreekkamers kan geskakel word by 028 057 0428 of 079 221 5019, of stuur 'n e-pos aan info@gpgansbaai.co.za. Spreekure is Maandae tot Vrydae vanaf 09:00 tot 16:00 en Saterdae vanaf vroegoggend.
(*Foto's verskaf*)

**Hardus Botha**

# Waarheid en wysheid onder die vergrootglas - prof Daniël J. Louw -

**Johan Coetzee van Naledi in gesprek met prof Daniël Louw tydens die bekendstelling van Kaiings van wysheid.**



"*Waarheid en wysheid is twee karperde wat weet dat dit in die praktyk nie altyd klopdisselboom gaan nie*" - en dit is presies die in-diepte tema van prof Daniël J Louw se nuutste boek, *Kaiings van wysheid*. Die boek is deur Johan Coetzee van Naledi uitgegee en is op 1 April 2026 in een van die Great White House se buitelokale bekendgestel.


Eie aan Daniël was die eerste deel van sy praatjie oor sy vorige boeke - gepaardgaande met sy kenmerkende humoristiese opmerkings - soms lig die wenkbroue, soms is die reaksie skaterlag. "Maar wat ís die waarheid?" was sy vraag aan die gehoor. "Mens word ontnugter deur die feit dat waarheid dikwels verpak is in kaiings van twyfel, sinisme, valsheid en oppervlakkigheid. Die media beweeg dikwels tussen feit en sensasie, met waarheid wat deur skyn omhul word en die teendeel is van feitelikheid - naamlik bedrog en leuens - wat 'n mens gereeld laat twyfel. Wysheid is dikwels maar 'n masker vir dwaasheid en eie gewin."

Die titel van die boek wil sê: Die waarheid braai soos kaiings uit, en kierankies vorm harde kastaiings wat niemand weet hoe om uit die vuur te krap nie. "Om weer sinvol te lees en te leef - in 'bliksemgedagtes' waar mens met die dood moet worstel - en om te voorkom dat ek as pastor bloot as 'n hoëpriester met aparte pyn gebrandmerk word, moet ek soms van Weskus-bokkomspraak, tinktinkietaal en selfs mossiegetjirp gebruik maak," het hy gesê. Die boek is gevul met interessante sketse en foto's, met besondere klem op die mossie - "mossies as die metafoor vir God se sorg en omgee vir brose mense, selfs tot in die stoflikheid en gebrokenheid van die dood." Daniël, wat ook 'n knap kunstenaar is, se skildery van *Mossies in vrye vlug* is ook in die boek opgeneem.

Prof Daniël Louw is nie net 'n ou bekende in Gansbaai nie - ook vir die *Gans-Berg Nuus*, wat al verskeie berigte oor hom en oor sy gepubliseerde boeke geplaas het, telkens uitgegee deur Naledi van Johan Coetzee. Daniël se studies in filosofie en teologie het hom na groot hoogtes geneem: hy was predikant in die NG Kerk, dosent en professor in praktiese en pastorale teologie aan die Fakulteit Teologie op Stellenbosch, asook dekaan. Sy boek, *Daar is meer*, is in 2024 as wenner van die Andrew Murray-prys aangewys. Nog een van sy boeke, *Displacement*, is onlangs op die kortlys vir die Andrew Murray-prys geplaas - 'n ryklik geïllustreerde werk, gegrond op dekades se navorsing oor menslike verplasing en 'n oproep tot optrede. Nou is *Kaiings van wysheid* bekendgestel - weer eens deur Naledi, 'n uitgewer wat in boekkringe geen bekendstelling nodig het nie.



**Mossies as metafoor van God se omgee - skildery deur Daniël Louw.**



**Hardus Botha**










# Groter Gansbaai bruis oor Paasnaweek


*Juwele en baie meer by Gansbaai Mark.*

Wat ons instansies en organisasies betref, was daar verskeie aktiwiteite wat vir besoekers aangebied is: 'n Paaseiersoektog by Saterdag se Gansbaai Mark; 'n prestige-kunsuitstalling, *Déjà Vu*, in Die Hangkas te Groeneweide; 'n familie-rolbaldag vir "leke" om 'n gesellige rolbaldag te geniet; Pearly Beach se kerkbasaar waar daar baie te ete, te drinke en te kope - maar terselfdertyd nie plek vir 'n muis nie; twee oorvol karavaanparke; Sien berigte met detail-info in die res van hierdie uitgawe - iets vir almal.


Die Gans-Berg Nuus vertrou dat vakansiegangers en besoekers hul tyd in Groter Gansbaai terdeë geniet het, veilig teruggery het en weer sal kom kuier.

**Hardus Botha**

Paasnaweek in Gansbaai is jaarliks 'n baie bedrywige paar dae - wonderlik vir 'n ekonomiese inspuitingtjie vir die dorp. Maar sjoe, die gepaardgaande verkeer en bedrywighede is 'n perd van 'n ander kleur wat ons maar moet aanvaar. Dus weer eens baie dankie aan ons besoekers wat hier kom afsaal het! Dit was ook wonderlik om soveel besoekers saam met ons inwoners op Goeie Vrydag en Paassondag in ons kerke te kon ontvang - met die wete dat die kruisiging van Christus en sy opstanding nie tussen al die bedrywighede, pret en plesier verdwyn het nie.


*Eilandhuisie-kuns: Dries en Susan van Heerden.*


*Eilandhuisie-kuns: Martha van der Westhuizen.*









# Western Cape to benefit from CapeNature's 2026 Greening Initiative Fun and engaging greening competition for schools

CapeNature will continue its greening initiatives in 2026, building on the success of previous programmes that supported schools and communities in establishing indigenous gardens and non-invasive food gardens across the Western Cape. The initiative forms part of CapeNature's Plant One Million Trees campaign, which contributes to the National Government's Plant 10 Million Trees initiative aimed at increasing tree planting and promoting environmental sustainability throughout South Africa.

As part of the 2026 programme, CapeNature will launch a fun and engaging greening competition for schools and communities across the province. The competition will encourage participants to develop or improve their gardens by planting indigenous plants, maintaining green spaces, and promoting environmental stewardship. Participants will have the opportunity to showcase their creativity and commitment to sustainability while competing for recognition and support from CapeNature. The initiative aims to inspire learners and community members to actively participate in protecting the environment.
The competition will launch on 13 April 2026 to coincide with International Plant Appreciation Day and will run until 15 May 2026. Greening initiatives are particularly important in the Western Cape due to the region's unique biodiversity and environmental challenges. Creating green spaces helps improve air quality, reduce heat in urban areas, and provide habitats for birds, insects, and other wildlife.





Through the greening initiatives, CapeNature partners with schools and community groups to create and maintain green spaces that promote biodiversity, environmental awareness, and sustainable living. These spaces not only enhance local environments but also serve as outdoor learning areas where learners and community members can gain practical knowledge about biodiversity conservation, climate change, and sustainable practices. Indigenous plants are well suited to the local climate and soil conditions, requiring less water and maintenance while providing important habitats and food sources for local wildlife. By planting indigenous species, communities can help protect the Western Cape's unique biodiversity.
As part of the 2026 Greening Initiative, CapeNature will work with selected schools and communities across the province. Participating groups will receive support in the form of seedlings, indigenous plants, gardening tools, and environmental education programmes to help establish and maintain sustainable gardens. Through collaboration with schools, communities, and environmental partners, CapeNature continues to play a role in restoring ecosystems and building a greener, more resilient Western Cape.
For more information about greening initiative competition contact sjavu@capenuture.co.za and view the competition Terms & Conditions here.

(*Article shortened: Hardus Botha*)
**CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn**






# Anton Goosen (80) wag vir sy 'Klein Klitsie'



Anton en Estie Goosen, met Anton op pad na kykNET-Fiëstas.

Anton Goosen (80), Suid-Afrika (en Gansbaai!) se Liedjieboer, en sy pragtige vrou, Estie (41), se aanvanklike 'geheim' is nou al lank op die lappe: die egpaar verwag 'n seuntjie en hulle borrel oor van vreugde en opgewondenheid. Anton se troetelnaam vir Estie is 'Klitsgras', "omdat sy aan my hart vasklou!" - nou praat Anton al klaar van hulle 'Klein Klitsie' wat op pad is.

Anton het op 5 Maart 2026 sy 80ste verjaarsdag gevier (*Gans-Berg Nuus*, 13 Maart 2026; *Gansbaai Liedjieboer vier agt Dekades*). Anton het sowat 19 jaar gelede permanent na Gansbaai verhuis en is in Junie 2017 met Estie (née Geldenhuys), 'n boorling van Gansbaai en 'n onderwyseres by Laerskool Gansbaai, in die huwelik bevestig.

"Ek is beslis nie bang vir die baba-uitdaging nie, maar nou sal my ateljee in 'n babakamer omskep moet word," het Anton opgewonde vertel. Die redaksiespan van *Gans-Berg Nuus* dra ook hul gelukwense aan Anton en Estie oor en wens hulle 'n wonderlike en opwindende lewe saam met die nuweling wat op pad is toe. (*Foto's verskaf*)



Anton en Estie Goosen op Anton se 80ste verjaarsdag.

**Hardus Botha**




Facebook Link
028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za






# Twee voormalige drama-juffroue laat gaste skaterlag


*Lois Buckle en Mari Weber.*

'n Huiskonsert met die tema '*Koffers en Kartondose*' beteken net een ding - hier wag groot pret, baie lag en 'n genotvolle opvoering. Die twee 'breinkinders' agter hierdie huiskonsert in Duikersfontein, Kleinbaai, op Donderdag 26 Maart 2026, is Lois Buckle en Mari Weber - twee gekwalifiseerde, ervare en afgetrede dramajuffroue en toneelspelers. Albei van hulle was tydens hul beroepsjare deel van 'groot' name onder toneelspelers, onder ander mense soos Bettie Kemp, Lochner de Kock, Hellen Kellerman, Magda van Biljon en baie meer.

“Vandag se huiskonsert is ons tweede spontane optrede in Gansbaai,” het Lois aan *Gans-Berg Nuus* meegedeel. “Ons eerste optrede vir Gansbaai Leeskring het op poësie gefokus en dit is só goed deur die dames ontvang dat ons besluit het op 'n tweede aanbieding.”

Die program vir die gesellige en humoristiese aanbieding het soos volg verloop: gedigte, prosa en monoloë van 'n verskeidenheid bekende skrywers - saamgestel om 'n voordragkonsert aan te bied. Voorbeelde van digters en skrywers se werke wat gebruik is, sluit in:

**Gedigte van:** Annesu de Vos, George Weideman, Ingrid Jonker, Pieter Smit, Willem van Toorn, Fanie Olivier en Eugene Beukes.

**Prosa van:** Maretha Maartens, Jeanne Goosen, Audrey Blignault en Marieta van der Vyver.

**Monoloë deur:** Bertolt Brecht en Mari Weber.

Die verloop van die opvoering het duidelik getoon dat Lois en Mari nog glad nie hul slag met toneelspel verloor het nie - inteendeel. Dan lyk die een soos Maretha Maartens en die ander soos Marieta van der Vyver - of wie is





nou wie? En het julle al iemand (Mari) gesien wortels skil op 'n stoel, met 'n skottel op die skoot en kaalvoete op die onderste reëling van die stoel? In 'n ander toneel stap 'n vrypostige nuwe buurvrou (Lois) die vertrek binne - tert in die hand en 'n sigaret tussen die vingers vir 'n oordadige verwelkoming! En so kan daar aangegaan word - telkens in ander humoristiese situasies waarmee die gaste totaal verras is.

So was dit ook met die ander voorstellings. Die 'verkleeprosesse' het telkens só vinnig gebeur dat die gaste skaars agtergekom het die twee verdwyn het en weer terug is. Nee-wat, hierdie twee dames is nog net so professioneel soos in hul beroepsjare, en 'n besige program van verdere optredes hou hulle steeds aan die gang. (*Foto's: Anita Botha*)

**Hardus Botha**



# CLASSIFIEDS


**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*

Kontak Deon: 076 838 2890

**Wall Seal**
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External

Call Mike on 063 708 4283

UNITY SERVICE RECOVERY AA
ALCOHOLICS ANONYMOUS
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**


**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property


**CONTACT US TO ADVERTISE:**
Michelle:078 010 8286 Janine:072 931 1431
michelle@gansberg.co.za janine@gansberg.co.za

FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING
CONTACT AUBREY
076 651 6789

**Technokil**
- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE

Free Quotations
082 878 7093

**Contact us to Advertise:**
Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za


## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877


NEIGHBOURHOOD WATCH

# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| L | S | H | S | S | F | W | T | O | X | T | B | V | J | E | V | L |
| A | W | T | R | R | R | F | H | K | T | C | R | G | D | Z | O | O |
| X | H | O | E | E | Y | R | N | E | A | Y | A | T | U | B | S | R |
| S | O | V | D | E | L | U | O | R | E | S | K | A | G | R | B | T |
| D | C | V | O | N | R | F | R | O | T | L | E | I | D | U | T | N |
| S | E | R | I | T | I | I | F | A | F | N | S | L | L | B | L | O |
| N | I | T | D | D | E | W | N | U | I | X | V | L | F | E | E | C |
| G | G | B | A | R | O | K | R | G | M | J | Z | I | T | C | B | E |
| G | A | B | R | I | A | O | N | E | W | H | B | G | Q | A | T | S |
| I | W | A | B | Q | O | E | H | P | W | H | V | H | W | R | A | I |
| A | C | B | O | D | Y | M | X | E | X | O | E | T | I | S | E | U |
| K | W | I | N | D | S | H | I | E | L | D | P | E | K | E | S | R |
| S | D | E | F | O | G | G | E | R | T | T | H | D | L | A | H | C |
| Z | N | T | A | E | S | D | L | I | H | C | T | R | N | T | A | F |


| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 8 | | | | 9 | 7 | |
| | | | 6 | | 3 | | | 1 |
| | | | | | | | 8 | 2 |
| 1 | 2 | 9 | | | 8 | | | |
| | 5 | 4 | 1 | | | | 9 | |
| | | | 4 | | | | | |
| 2 | | | | | 7 | | 5 | |
| | | 3 | | | 5 | | | 7 |
| | | 7 | 3 | | 2 | | | 6 |

AIR BAG
BODY
BRAKE
CAR SEAT
CARRIER RACK
CHILD SEAT
CRUISE CONTROL
DEFOGGER
ENGINE
GAS TANK
HOOD
MUFFLER
POWER WINDOW
RADIO
ROOF
SEAT BELT
TAIL LIGHT
TIRES
TRUNK
WHEELS
WINDSHIELD




## ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 8 | 1 | 2 | 9 | 3 | 7 | 5 | 4 |
| 4 | 9 | 2 | 7 | 6 | 5 | 8 | 1 | 3 |
| 7 | 3 | 5 | 8 | 1 | 4 | 6 | 9 | 2 |
| 8 | 1 | 9 | 3 | 2 | 7 | 4 | 6 | 5 |
| 2 | 4 | 3 | 5 | 8 | 6 | 9 | 7 | 1 |
| 5 | 6 | 7 | 1 | 4 | 9 | 2 | 3 | 8 |
| 9 | 5 | 6 | 4 | 3 | 2 | 1 | 8 | 7 |
| 3 | 2 | 8 | 9 | 7 | 1 | 5 | 4 | 6 |
| 1 | 7 | 4 | 6 | 5 | 8 | 3 | 2 | 9 |



# Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
GANSBAAI

**Here's a beauty - *Palpares speciosus* is a beautiful antlion with intricate wings, found in mountain fynbos habitats, especially flitting around at night. Their larvae are fierce predators, waiting patiently at the base of vegetation under the cover of sand grains for unsuspecting passing prey, with massive jaws often even bigger than the antlion's head! My, what big jaws you have - all the better to eat you with!**
**Phillipa Murray**
**(Grootbos Foundation)**



**Ontmoet mnr Boom, 'n gereelde besoeker by die Grootbos Omgewingsentrum. Die boomslang (*Dispholidus typus*) vervel sy vel vanaf die kop om groei moontlik te maak en parasiete te verwyder. Voor die vervelling begin, word die slang se vel dof en sy oë word ondeursigtig of blouerig. Gedurende hierdie tyd is die slang byna blind en skuil hy gewoonlik – dit staan bekend as die *Blou Fase*. Tydens die vervellingsproses word die ou vel in een volledige stuk afgewerp, wat dikwels vergelyk word met die uittrek van 'n sok.**
**(*Bron: Phillipa Murray, Grootbos Foundation*)**
**Hardus Botha**



## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### PUBLIC WARD COMMITTEE MEETINGS

Notice is herewith given that the public meetings for the wards mentioned below will take place on the dates and times as indicated to discuss public input on the draft IDP and proposed amendments and the draft Budget for the 2026/2027 financial year.

| Ward | Date and Time | Venue |
|---|---|---|
| 1 | Thursday 16 April 2026 18:00 | Tourism Hall Gansbaai |
| 2 | Monday 20 April 2026 18:00 | Community Hall Masakhane |
| 3 | Wednesday 15 April 2026 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 4 | Wednesday 15 April 2026 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 5 | Monday 13 April 2026 18:00 | Community Hall Zwelihle |
| 6 | Monday 13 April 2026 18:00 | Community Hall Zwelihle |
| 7 | Wednesday 15 April 2026 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 8 | Wednesday 15 April 2026 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 9 | Tuesday 14 April 2026 18:00 | Town Hall Kleinmond |
| 10 | Tuesday 14 April 2026 18:00 | Town Hall Kleinmond |
| 11 | Thursday 16 April 2026 18:00 | Tourism Hall Gansbaai |
| 12 | Monday 13 April 2026 18:00 | Community Hall Zwelihle |
| 13 | Wednesday 15 April 2026 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 14 | Thursday 16 April 2026 18:00 | Tourism Hall Gansbaai |

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### PUBLIEKE WYKSKOMITEE-VERGADERINGS

Kennis geskied hiermee dat die publieke vergaderings vir die ondergemelde wyke op die datums en tye soos aangetoon, sal plaasvind om openbare insette van die konsep hersiening en voorgestelde aanpassings van die GOP en konsep Begroting vir die 2026/2027 finansiële jaar te bespreek.

| Wyk | Datum en Tyd | Lokaal |
|---|---|---|
| 1 | Donderdag 16 April 2026 18:00 | Toerismesaal Gansbaai |
| 2 | Maandag 20 April 2026 18:00 | Gemeenskapsaal Masakhane |
| 3 | Woensdag 15 April 2026 18:00 | Oudtorium Hermanus |
| 4 | Woensdag 15 April 2026 18:00 | Oudtorium Hermanus |
| 5 | Maandag 13 April 2026 18:00 | Gemeenskapsaal Zwelihle |
| 6 | Maandag 13 April 2026 18:00 | Gemeenskapsaal Zwelihle |
| 7 | Woensdag 15 April 2026 18:00 | Oudtorium Hermanus |
| 8 | Woensdag 15 April 2026 18:00 | Oudtorium Hermanus |
| 9 | Dinsdag 14 April 2026 18:00 | Stadsaal Kleinmond |
| 10 | Dinsdag 14 April 2026 18:00 | Stadsaal Kleinmond |
| 11 | Donderdag 16 April 2026 18:00 | Toerismesaal Gansbaai |
| 12 | Maandag 13 April 2026 18:00 | Gemeenskapsaal Zwelihle |
| 13 | Woensdag 15 April 2026 18:00 | Oudtorium Hermanus |
| 14 | Donderdag 16 April 2026 18:00 | Toerismesaal Gansbaai |

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### INTLANGANISO YEE WADI KOMITI KAWONKE-WONKE

Isaziso sinikwa apha sokuba iintlanganiso zoluntu kwiindawo (wards) ezikhankanywe ngezantsi ziya kuqhutywa ngemihla namaxesha aboniswayo, ukuze kuxoxwe ngezimvo zoluntu kwi-IDP esayilwayo, izilungiso ezicetywayo, kunye noHlahlo-lwabiwo mali oluyidrafti lonyaka-mali ka-2026/2027.

| Wadi | Usuku Nexesha | Indawo |
|---|---|---|
| 1 | NgoLwesiNe 16 Epreli 2026 18:00 | Iholo yoKhenketho eGansbaai |
| 2 | NgoMvulo 20 Epreli 2026 18:00 | KwiHolo loluntu Masakhane |
| 3 | NgoLwesiThathu 15 Epreli 2026 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 4 | NgoLwesiThathu 15 Epreli 2026 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 5 | NgoMvulo 13 Epreli 2026 18:00 | KwiHolo loluntu Zwelihle |
| 6 | NgoMvulo 13 Epreli 2026 18:00 | KwiHolo loluntu Zwelihle |
| 7 | NgoLwesiThathu 15 Epreli 2026 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 8 | NgoLwesiThathu 15 Epreli 2026 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 9 | NgoLwesibini 14 Epreli 2026 18:00 | KwiHolo leDolophu Kleinmond |
| 10 | NgoLwesibini 14 Epreli 2026 18:00 | KwiHolo leDolophu Kleinmond |
| 11 | NgoLwesiNe 16 Epreli 2026 18:00 | Iholo yoKhenketho eGansbaai |
| 12 | NgoMvulo 13 Epreli 2026 18:00 | KwiHolo loluntu Zwelihle |
| 13 | NgoLwesiThathu 15 Epreli 2026 18:00 | Auditorium Hermanus |
| 14 | NgoLwesiNe 16 Epreli 2026 18:00 | Iholo yoKhenketho eGansbaai |

**For any enquiries contact/Vir enige navrae kontak/Ngayo nayiphi na imibuzo qhakamshelana:**
Gansbaai (Ward/Wyk/Wadi 1, 2, 11 & 14) @ 028 384 8331/8364
Hermanus (Ward/Wyk/Wadi 3, 4, 5, 6, 7, 8, 12 & 13) @ 028 313 8968
Kleinmond (Ward/Wyk/Wadi 9 & 10) @ 028 271 8400

Dr DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 72/2026

# Team Stanford impresses at National Canoe Championships

"Fourteen athletes from our Team Stanford took part in the South African Canoe Sprint Championships in Pretoria, ranging from U/12 to 55+ age groups," said Phillipa Murray from the Grootbos Foundation. "The event spanned three intense days of racing, featuring K1 and K2 distances of 1000m, 500m and 200m, as well as the longer distances of 2km and 5km." She said the Stanford athletes gave their absolute all and were incredible to watch on the racecourse, making their way into finals, with some even finishing on the podium.


*The excellent canoe team competed in the South African Canoe Sprint Championships in Pretoria.*

**Medal winners:**
"We are immensely proud to announce the following medal winners," Phillipa said. *u/14 Sakhe* - 1000m K1 silver, 500m K1 bronze, 200m K1 bronze, 5km K1 bronze and Victrix Ladorum bronze; *u/18 Emma* - 1000m K1 silver, 1000m K2 bronze, 500m K1 silver, 500m K2 silver, 200m K1 silver, 200m K2 silver, 5km K1 gold and Victrix Ladorum gold; *u\23 Hayward* - 1000m K2 silver, 1000m K2 bronze senior, 500m K2 bronze and 200m K2 gold; *u/23 Sibongeleni* - 1000m K2 silver, 1000m K2 bronze senior, 500m K2 bronze, 200m K2 gold, 200m K1 gold and Victrix Ladorum bronze; *55-60 Age Group Sean Privett* - 1000m K1 silver, 500m K1 silver, 200m K1 silver, 5km K1 gold and Victrix ladorum silver. "One of the proudest highlights was CJ being crowned the Under-23 South African champion in the 200m sprint," Phillipa said. "Hayward and CJ also won gold in the K2 200m, making them the fastest Under-23 combination in South Africa." Phillipa said they are extremely proud of these two young men, who have been part of their canoeing programme since their first trip to the South African Championships eight years ago, when most of the Stanford paddlers finished close to the back of the field in all their races.


*Proud canoe paddlers.*

**Hardus Botha**

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Wednesday 08/4/2026 | Thursday 09/4/2026 | Friday 10/4/2026 | Saturday 11/4/2026 | Sunday 12/4/2026 | Monday 13/4/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 23° | 21° | 21° | 20° | 21° | 20° |
| Light Breeze 3 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from west 0.1 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 10 April | 0824 | 2201 | 0219 | 1509 |
| 11 April | 1043 | 2332 | 0442 | 1701 |
| 12 April | 1203 | 0024 | 0558 | 1804 |
| 13 April | 1250 | 0103 | 0643 | 1849 |
| 14 April | 1329 | 0140 | 0721 | 1927 |
| 15 April | 1405 | 0200 | 0757 | 2004 |
| 16 April | 0216 | 1441 | 0832 | 2040 |
| 17 April | 0252 | 1441 | 0832 | 2040 |






Gans-Berg

Website Link

GANSBERGNEWS

Facebook Link

028 205 0100

066 225 4280

info@gansberg.co.za

# G-Bay Biltong en Deli Rolbaldag groot sukses by Franskraal Rolbalklub

"Die G-Bay Biltong en Deli Rolbaldag was weer eens 'n reuse-sukses," het Kokkie de Kok die *Gans-Berg Nuus* meegedeel. "Die eienaar van G-Bay Biltong en Deli, De Wet Giliomee, het almal bederf met heerlike eetgoed en peuselhappies." Dan was daar ook nog Elra le Roux se 'skougehalte'-wildspasteie wat sy vir die deelnemers gemaak het.

Alle pryse is deur G-Bay Biltong en Deli geborg, met De Wet Giliomee wat die prysuitdelings hanteer het. "Dit was 'n heerlike en gesellige dag waar ou vriende mekaar weer gesien het, terwyl nuwe vriendskappe ook gesmee is," het Kokkie gesê.

**Uitslae:**
1ste - Marchel Pretorius se span van Riviersonderend; 2de - Lani Swart se Franskraal-span; 3de - Charl Conradie se Franskraal-span; 4de - David Roos se Franskraal-span; 5de - Jurgens Schreuder se Franskraal-span; 6de - Koos Wentzel se span van Bonnievale. (*Foto's: Marthie Booysen*)

**Hardus Botha**



*1ste: Marchel Pretorius se span van Riviersonderend.*



*2de: Lani Swart se Franskraal-span.*



*3de: Charl Conradie se Franskraal-span.*

# Gansbaai Gholfklub
# Peet en Leon palm 4BBB Stableford in



*Koos Myburgh.*



*Leon Lombaard.*



*Peet Pretorius en Leon Lombaard.*

Peet Pretorius en Leon Lombaard het Saterdag, 4 April 2026 se 4BBB Stableford kompetisie ingepalm, met Peet wat met Woensdag, 1 April 2026 se Enkel Stableford Sloegterskompetisie ook 'n Spog Twee aangeteken het.

**Woensdag, 1 April:**
Leon Lombaard wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 38 punte, gevolg deur Werner Muller 37, JP Lauscher 36, Marietjie de Villiers 36, Rene Myburgh 36, Anton Jordaan 35, Dawie Viljoen 35, Clive Bailey 34, Johan Coetzee 34 en Chris Muller 34.
Naaste aan die pen op no 8 (geel bof): JP Laubscher.
Spog Twee's: Peet Pretorius (15) en Chris Muller (11).
Anton Jordaan wen die Boerpotputjies (8, 10 & 18).

**Vrydag, 3 April:**
Koos Myburgh wen die 9-putjie Enkel Stableford met 25 punte, gevolg deur Sakkie van der Merwe 21, Leon le Grange 19, Pero Heyns 19, Deon Momberg 18, Pieter Uys 17, Jacques Louw 16, Callie Lourens 14, Elmar Venter 13 en Jacobus Bothma 13.

**Saterdag, 4 April:**
Peet Pretorius & Leon Lombaard wen die 4BBB Stableford kompetisie met 46 punte, gevolg deur G Pienaar & N Loubser 45, Theuns van Schoor & Pieter Kruger 42, Jacques Louw & Elmar Venter 42, Johan Coetzee & Rene Myburgh 40, Berty Sassman & Cecil Galloway 40, Bev Swart & Anton Jordaan 38, Deon Coetzee & Joe Cesare 38, Clive Bailey & Marietjie de Villiers 37 en G Smith & C Smith 37.
Arend op no 16: Pieter Kruger.
Spog Twee's: Hugo Groenewald (11) en Elmar Venter (11).
Naaste aan die pen op no 11 (geel bof): Elmar Venter.

**Saterdag, 11 April:**
Kompetisie is 'n Houespel.

**Vrydag, 10 April:**
Maandelikse Steakaand.

**Verjaarsdae:**
Joe Cesare (13de), Hendry van Appeldoorn (17de), Anton Goosen (17de), Werner Muller (18de) en Ethan Avenant (18de).

**Groete, Johan Coetzee**
**082 878 0534**



Gans Berg Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




# "Déjà Vu" - Art Exhibition

The opening of the prestigious art exhibition themed "Déjà Vu", held on Thursday, 2 April 2026 at Die Hangkas in Groeneweide, Franskraal, was a special and convivial occasion. Belinda Burchell, herself one of the artists and the organiser of the exhibition, handled the welcome and explained to the guests the purpose of these regular exhibitions at Die Hangkas. She then introduced Greta Bath, a well-known psychologist from the area, to the audience.

"I want to share with you the secret lives of our brains," Greta began her presentation. "One's brain is a secret boarder - without you being aware of it or having any control over it, it stores sensory memories, including things you experience, see, smell and hear." She explained that *déjà vu* is a French term meaning 'already seen'. "It is a psychological illusion of a past memory or even an imagined memory," Greta said. "The brain deals with it by presenting a new experience as something familiar that seems to have happened before."

She described it as a fleeting sensation of having experienced a totally identical event in the past, while in reality it may never have happened. "It is also sometimes associated with so-called 'reincarnation', which suggests memories of oneself in another life." However, Greta explained that these processes have nothing to do with spirituality or religion - they are purely the result of neurological processes over which we have no control. She presented several examples of different theories to the guests. In conclusion she said: "Déjà vu is nothing mystical; it is an interaction between stored memories and new experiences. It reflects the fragile balance between familiarity and recollection. It should not be confused with PTSD - intense or frequent occurrences should be investigated by a neurologist."

After Greta's interesting presentation, guests were invited to view the variety of paintings on display, while enjoying delicious refreshments. Bravo to Belinda and the large team of artists for an informative, interesting and sociable evening.

Artists who participated (in alphabetical order) were: Aviwe Jako, Bernard Odendaal, Belinda Burchell, Cathrynne Salter, Dorothy Janse van Vuuren, Elaine Baard, Elzette Moore, Jeff Batt, Léan van der Merwe, Linda Budde, Martha van der Westhuizen, Mimmie Pienaar, Natalie Dominique Louw, Nkosinathi Manuel Mhambi, Robyn Barriere, Ronelle van Tonder and Susan van Zyl.
(*Pictures: Michelle van Zyl*)

**Hardus Botha**







# Gesinspret by Franskraal Rolbalbane

Franskraal Rolbalklub het op Saterdag, 4 April 2026 'n gesellige Sosiale Rolbaldag aangebied - met pret vir die hele familie. Spanne van vier het twee wedstryde gespeel. Rolballe is beskikbaar gestel aan dié wat nie het nie en 'n smaaklike boereworsrol was by die inskrywingsgeld ingesluit.

"Ek is verheug oor die fantastiese belangstelling in ons Rolbal-Familiedag wat ons gereël het," vertel Kokkie de Kok van die klub. "'n Gesellige atmosfeer het deurgaans geheers en dit was duidelik dat almal, hoe min hulle ook al van rolbal geweet het, die dag terdeë geniet het." Met die Gans-Berg Nuus se aankoms by die bane, was daar juis 'n deelnemer wat by Kokkie wou uitvind wat die doel van die wit balletjie is wanneer hy sy bal rol: "Moet ek teen die wit balletjie raak, of net naby daaraan lê?" Nou ja, onseker oor die reëls of nie - almal het die dag baie geniet.

**Hardus Botha**

